# DIE SKIETLOOD

215e Uitgawe 16 Junie 2023
saam met Koersvas 215

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

**DIE DORDTSE LEERREËLS**

**Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges**

**Verwerping van die dwalings oor die leer van die volharding van die heiliges**

**Teks** 7. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geloof van hulle wat slegs 'n tyd lank glo, verskil net in tydsduur van die regverdigende en saligmakende geloof.

Die Sinode leer: Christus stel immers self duidelik in Matteus 13:20 en Lukas 8:13 en volgende verse nog 'n drieledige onderskeid vas tussen hulle wat net 'n tyd lank glo en die ware gelowiges. Hy sê: Eersgenoemdes ontvang die saad op rotsagtige grond, maar die gelowiges in goeie grond of in goeie harte; eersgenoemdes is sonder wortel, maar die gelowiges het 'n vaste wortel; eersgenoemdes dra nie vrug nie, maar die gelowiges dra met standvastigheid of volharding in verskillende mate hulle vrugte. *Qui docent, 'Fidem temporariorum a justificante et salvifica fide non differre nisi sola duratione.' Nam Christus ipse Matt. xiii. 20 et Luc. viii. 13 ac deinceps, triplex prœterea inter temporarios et veros fideles discrimen manifesto constituit, quum illos dicit semen recipere in terra petrosa, hos in terra bona, seu corde bono: illos carere radice, hos radicem firmam habere: illos fructibus esse vacuos, hos fructum suum diversa mensura, constanter seu perseveranter proferre.*

**Verklarende kommentaar**

Die Remonstrante wil geloof oor een kam skeer. Geloof is geloof en dit is net tydsduur wat verskil tussen mense. Diegene wat tot afsterwe glo se geloof is dieselfde as diegene wat tot geloof kom en dan later in hulle lewens geloof versaak. Hierdie gedagte word verwerp in die Dordtse leerreëls.

Daar is ten minste op drie vlakke verskil tussen die geloof van diegene wat die saligheid ingaan en diegene wat 'n aardse 'kortstondige' geloof belewe.

Die eerste verskil is ten opsigte van die grond (harte) van die ontvangers. Die kortstondiges se harte is troebel en nie gereed om werklik die saad te ontvang nie. Gelowiges se grond (harte) is goeie grond, grond waarin die saad kan ontkiem, groei en sterk word. Dit gaan met ander woorde om die materiaal waarmee gewerk word, die omgewing en ontvanklikheid van die grond. Hierdie feit is van groot belang om op ag te slaan. Die grond van die kortstondige sal nooit anders wees nie. Telkens sal die saad wat gesaai word, gedoem wees tot mislukking (kyk ook na die volgende argument).

Die tweede onderskeid is ten opsigte van die aard van die geloof. Kortstondiges se geloof skiet geen wortel nie. Dit bly met ander woorde 'n geloof wat nie posvat in die lewe van die mens nie. Daarteenoor is ware geloof een wat wortel skiet; met ander woorde 'n geloof wat vervleg raak in alle aspekte van menswees van die gelowige.

Die derde onderskeid is ten opsigte van die produk van geloof. Gelowiges lewer vrugte van die geloof. Geloof raak nie net die innerlike nie, maar word duidelik uit die doen en late van gelowiges. Nie almal tot dieselfde vlak of omvang nie, maar ware geloof lewer vrugte tot eer van die Here. Die kortstondiges se geloof is vir hulle eie

vermaak en verheerliking, maar lewer geen vrugte nie. Daar is derhalwe ten minste drie verskille tussen die 'geloof' van kortstondiges en die geloof van die kudde van die Here.

**Teks** 8. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie ongerymd dat die mens sy eerste wedergeboorte verloor en daarna weer, selfs baie keer, weergebore word nie.

Die Sinode leer: Met hierdie leer ontken hulle die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons weergebore word, en kom hulle in stryd met die getuienis van die apostel Petrus: Julle wat wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike (1 Pet 1:23*).* *Qui docent, 'Non esse absurdum, hominem priore regeneratione extincta, iterate, imo renasci.' Hi enim per hanc doctrinam negant seminis Dei, per quod renascimur, incorruptibilitatem: adversus testimonium Apostoli Petri, Epist. I. i. 23: Renati non ex semine corruptibili, sed incorruptibili.*

**Verklarende kommentaar**

Die teks van artikel sewe en agt moet in gesprek met mekaar gebring word om die volle impak te kan verstaan. Die Remonstrante wil op grond van die enkel onderskeid (tydsduur) ten opsigte van geloof, tot die gevolgtrekking kom dat dit moontlik is om meer as een maal tot bekering te kom, telkens in ware geloof. In hierdie benadering kan 'n eerste bekering gevolg word deur 'n afdwaal en ongeloof, net om weer tot bekering te kom en in herhalende siklus van bekering en afdwaal te verval. Hierdie siening is gegrond op die een-dimensionele verstaan van geloof. Daardie siening is in artikel sewe reeds weerlê.

Die ware geloof is in onverganklikheid gesaai, in goeie grond geval. Dit skiet wortel, raak verweef in alle vlakke van die menswees van die gelowige. Dit lewer vrugte, meer of minder, in die hart en lewe van die gelowige. Dit beteken nie dat gelowiges nie struikel nie. Dit beteken net dat hulle sterker en swakker in hulle geloof lewe.

Uit die aard van die hart van die kortstondiges sou die argument gemaak kon word dat hulle telkens die saad van die Evangelie ontvang en positief daarop reageer en dan tot geloof kom, net om later te dwaal. Hierdie argument hou nie rekening met die meer-dimensionele aard van geloof nie. In vandag se taal sou ons kon stel dat sodanige reaksie nie geloof is nie, maar 'n emosionele reaksie is wat nie in die menswees van die ontvanger posvat nie.

Daar is een bekering en 'n herhaalde inkeer.

**Teks** 9. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het nêrens gebid dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sou volhard nie

Die Sinode leer: Hulle weerspreek Christus self, wat sê: Maar Ek het vir jou gebid, Petrus, dat jou geloof nie mag ophou nie (Luk 22:32); en die evangelis Johannes, wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels gebid het nie, maar ook vir almal wat deur hulle woord sou glo: Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam en: Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar (Joh. 17:11,15, 20). *Qui docent, 'Christum nunquam rogasse pro infallibili credentium in fide perseverantia.' Contradicunt enim ipsi Christo, dicenti, Luc. xxii. 32: Ego rogavi pro te, Petre, ne deficiat fides tua; et Evangelistæ Johanni, testanti, Johan. xvii. 20, Christum non tantum pro apostolis, sed etiam pro omnibus, per sermonem ipsorum credituris, orasse, ver. 11: Pater sancte, conserva eos in nomine tuo; Et ver. 15: Non oro ut eos tollas e mundo, sed ut conserves eos a malo.*

**Verklarende kommentaar**
Op emosionele vlak poog die Remonstrante ook om verantwoordelikheid op hulself te neem of te deel (in hulle denke) met God. Dit sluit in dat hulle stel dat volharding in geloof nie deel van Christus se gebede was nie. Agter die emosionele argument lê die premisse dat net gelowiges vir hulle eie volharding kan bid. Voorbidding deur Christus het volgens Remonstrante nooit plaasgevind nie. Daarmee saam die versweë implikasie dat Jesus as ware God en ware mens in Sy openbare optrede nie enige so 'n saak aangeroer het nie.

Die teendeel kan duidelik uit die Skrif aangedui word. Jesus het inderdaad by verskillende geleenthede gebid vir volharding deur Sy uitverkorenes. Daar is genoeg bewyse daarvoor in die Skrif self.

Hiermee die teks van die Dordtse leerreëls. Die gevolgtrekking word in die volgende uitgawe van Die Skietlood bespreek.